



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2013

VRYSTAAT

PUNTE: 120

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip	VRAAG 1	(30)
AFDELING B:	Opsomming	VRAAG 2	(10)
AFDELING C:	Taal	VRAAG 3–6	(60)
AFDELING D:	Letterkunde	VRAAG 7–8	(20)

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

NET ÉÉN SOOS JUFFROU QWELANE



1. Nontsikelelo Qwelane is op Kersdag 1920 naby Queenstown in die Oos-Kaap gebore. Dié vriendelike juffrou is 91 en Suid-Afrika se oudste voltydse onderwyser. “Onderwys is in my bloed,” sê sy. “Dis my roeping.”
2. Sy is een van 10 kinders. Net een van hierdie 10 kinders het nie ’n onderwyser geword nie. Haar eie twee dogters, Nomakhwezi (61) en Nomode (63), het die familietradisie voortgesit. Hulle is ook onderwysers. Nontsikelelo en Nomakhwezi bly saam in Nontsikelelo se groot huis.
3. Nontsikelelo, of Ntsiki, soos al die kinders haar noem, hou al van 1940 af skool. Ntsiki gee al die afgelope 66 jaar Aardrykskunde. “Ek hou baie van Aardrykskunde. Ek ken die werk so goed dat ek nie ’n handboek nodig het om klas te gee nie.”
4. Sy glo ook nie daaraan om vir haar leerders huiswerk te gee nie. “Ek dink nie die huiswerk word by die huis gedoen nie. Die kinders skryf by mekaar af.” Haar plan om nie huiswerk te gee nie, werk baie goed omdat die leerders baie harder in die klas moet werk. Altesaam 98 persent van die 312 matrieks vir wie sy verlede jaar Aardrykskunde gegee het, het geslaag.

5. Sy het al vir baie kinders skoolgehou. Baie van haar ou leerders kry haar in winkels en bedank haar dan vir wat sy vir hulle beteken het.
6. “Ek sal eendag ophou skool hou wanneer ek nie meer op my twee bene kan staan nie. Ek sorg mooi vir myself. Ek doen alles wat my ma vir my geleer het om te doen.”
7. Nontsikelelo eet vrugte, groente en vleis, maar sit nie haar mond aan gemorskos nie. Genoeg slaap is ook vir haar baie belangrik. Saans om halfagt is sy al in die bed. Ntsiki staan klokslag halftwee in die oggend op om vraestelle of toetse na te sien. As sy haar nie besig hou met skoolwerk nie, lees sy graag.
8. Sy word hartseer as haar leerders nie raaksien hoe waardevol opvoeding is nie. “ ’n Opgevoede kind sal nooit honger ly nie. Opvoeding is ons land se oplossing vir armoede,” sê sy.
9. As daar een ding is waaroor sy spyt is, is dit dat sy nie haar doktorsgraad in die Opvoedkunde behaal het nie. Verder is sy tevrede met hoe haar lewe verloop het.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 23 Februarie 2012]

- 1.1 Op watter dag is Nontsikelelo gebore? (1)
- 1.2 In watter provinsie is sy gebore? (1)
- 1.3 Voltooi die sin.

Kies die KORREKTE antwoord uit die raampie hieronder om die sin te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

tydelike; deelydse; permanente

- Nontsikelelo het ’n ... onderwyspos. (1)
- 1.4 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Wat beteken die woorde: Onderwys is in Nontsikelelo se bloed?
- A Om onderwys te gee, maak Nontsikelelo kwaad.
B Dit is vir Nontsikelelo onmoontlik om onderwys te gee.
C Onderwys is Nontsikelelo se lewe.
D Nontsikelelo voel sy is nou te oud om onderwys te gee. (1)
- 1.5 Skryf die name van Nontsikelelo se dogters neer. (2)

- 1.6 Nontsikelelo se twee dogters is nie onderwyseresse nie.
- 1.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 deur VIER agtereenvolgende woorde aan te haal. (1)
- 1.7 Watter vak bied Nontsikelelo al vir 66 jaar aan? (1)
- 1.8 Nontsikelelo glo dat leerders huiswerk moet kry.
- 1.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.8.1. (1)
- 1.9 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Waarom bedank Nontsikelelo se oudleerders haar, wanneer hulle haar in die winkels kry?
- A Omdat sy baie vir hulle beteken het
B Omdat sy hulle geleer het al was sy oud
C Omdat sy nie 'n handboek in die klas gebruik het nie
D Omdat sy al vir baie kinders skoolgehou het (1)
- 1.10 Wie se goeie raad help Nontsikelelo in haar lewe? (1)
- 1.11 Wat eet Nontsikelelo glad nie? (1)
- 1.12 Hoe laat gaan Nontsikelelo in die aand slaap? (1)
- 1.13 Wat anders doen Nontsikelelo graag, behalwe skoolhou? (1)
- 1.14 Wat is die een ding waaroor Nontsikelelo in haar lewe spyt is? (1)
- 1.15 Volgens die leesstuk slaag baie van Nontsikelelo se matrieks haar vak. Motiveer hierdie stelling. (1)
- 1.16 Sou jy vir jou leerders huiswerk gegee het, as jy 'n onderwyser was? Motiveer. (1)
- 1.17 Dink jy onderwysers moet skoolhou tot hulle 91 jaar oud is? Motiveer. (1)

TEKS B: INFORMATIEWE TEKS

Lees die kort advertensies hieronder en beantwoord die vrae.

<p>CENTURION TEATER</p> <hr/> <p>Jennifer Zamudio <i>Die lewe is 'n liedjie</i> 2 Mei 2013 om 20:00</p> <hr/> <p>André Swiegers en orkes 3 Mei 2013 om 19:00</p> <hr/> <p>Marion Holm holm@iafrica.com 4 Mei 2013 om 20:00</p> <hr/> <p>Ses Snare 2013 11 Mei 2013 om 19:30</p> <hr/> <p>BESPREEK:</p> <p>012 664 7859 OF SMS na 04700</p>	<p>UNICA MARK</p> <hr/> <p>Vrydag, 28 Mei tot Sondag, 6 Junie 2013 09:00–21:00 Oop Sondag 09:00–16:00</p> <p>Rembrandt-saal <i>LC de Villiers-sportsentrum,</i> Universiteit van Pretoria, Suidstraat, HATFIELD</p> <p>Meer as 200 uitstallers! Koop puik geskenke en ondersteun die projekte vir persone met outisme.</p> <p>Navrae:</p> <p>012 346 1103 OF 082 905 6531</p>	<p>BANFF Berg Filmfees Wêreldtoer 2013</p> <hr/> <p>28 Mei–3 Junie 2013</p> <hr/> <p>Een vertoning daagliks om 20:15 STERKINEKOR TEATERS Brooklyn Mall & Sandton City</p> <hr/> <p><i>Met trots geborg deur</i> CAPE UNION MART EXPLORE K-WAY LED LENSER deuter Buff</p> <hr/> <p>Bespreek: www.sterkinekor.com of bel Ticketline 082 167 8989 www.banff.co.za</p>
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

[Verwerk uit: *Beeld*, 28 Oktober 2011]

- 1.19 Skryf die naam van Jennifer Zamudio se vertoning neer. (1)
- 1.20 Watter nommer kan jy sms om vir 'n vertoning by die Centurion Teater te bespreek? (1)
- 1.21 In watter saal van die LC de Villiers-sportsentrum word die Unica Mark gehou? (1)

- 1.22 Daar is net minder as 300 uitstallers by die Unica Mark.
- 1.22.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.22.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.22.1. (1)
- 1.23 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die Unica Mark word gehou om ... persone te ondersteun.
- A blinde
B dowe
C outistiese
D stom (1)
- 1.24 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- As jy meer wil uitvind oor die Unica Mark, kan jy ...
- A 'n landlyn of 'n selfoon gebruik.
B 'n selfoon of die Internet gebruik.
C 'n landlyn of die Internet gebruik.
D 'n selfoon gebruik of 'n sms stuur. (1)
- 1.25 Watter woord sê vir ons dat die BANFF Berg Filmfees nie net in Suid-Afrika plaasvind nie? (1)
- 1.26 Hoe laat vind die BANFF Berg Filmfees se daaglikse vertoning plaas? (1)
- 1.27 Hoekom, dink jy, kyk baie meer mense televisie as wat hulle 'n teater besoek? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**TEKS C****VRAAG 2: WENKE OM JOU VOETE GESOND TE HOU**

- Som die **wenke** oor hoe om jou voete gesond te hou in SEWE stappe op.
- Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

1.

Was jou voete in die aande mooi skoon. Vuiligheid op jou vel kan infeksie veroorsaak. Jy sal nie lekker met vuil voete slaap nie.

2.

Jy moet jou voete deeglik afdroog nadat jy hulle klaar gewas het. Gebruik 'n droë handdoek. As jy nie jou voete goed afdroog nie, kan jou voete sleg ruik.

3.

Harde vel en eelte laat jou voete lelik lyk. Raak daarom van al die harde vel en eelte ontslae. 'n Skuurklip help om die harde vel af te skuur.

4.

Jy moet jou toonnaels altyd reguit afsny. As jy jou toonnaels skuins afsny, kan dit maklik ingroei. Toonnaels word makliker geknip nadat jy gebad het, want dan is dit sag.

5.

Dit is sleg vir jou voete om die verkeerde skoene te dra. Sorg dat jy skoene dra wat nie jou tone seermaak nie. Party skoene kan jou voete seer druk.

6.

Openbare plekke soos gimnasiums en swembaddens se vloere is vuil. Moenie kaalvoet in hierdie plekke loop nie. Dit sal keer dat jy voetskimmel en vratte kry.

7.

As skoene te klein is, sal dit jou voete druk en so kan jy eelte kry. Moenie sulke skoene dra nie. 'n Mens koop skoene in die middag, want jou voete swel deur die dag.

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 20 Januarie 2012]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE****TEKS D**

Lees die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: *Beeld*, 19 Oktober 2011]

- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

- 3.1 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.
Die ou tannie hang met haar kort (arm) aan die paal. (1)
- 3.2 Gee die VROULIKE VORM van die woord tussen hakies.
Die (oupa) sê hulle is nie in 'n vliegtuig nie. (1)
- 3.3 Gee die korrekte VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.
Die taxi ry (stadig) as die vliegtuig. (1)
- 3.4 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.
As jy in hierdie taxi ry, is jy in (lewe + gevaar). (1)
- 3.5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.
Die oupa het (sy/hom/haar) oë toegeknyp. (1)
- 3.6 Gee die korrekte VORM VAN DIE WOORD tussen hakies.
Die taxi ry op 'n (gevaarlik) pad. (1)

- 3.7 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
(In die nag) is vliegtuigkaartjies goedkoper. (1)
- 3.8 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die woorde tussen hakies.
Die oupa sit agter (op/in/met) die taxi. (1)
- 3.9 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.
Dit is die (vier) keer dat die bestuurder so gevaarlik ry. (1)
- 3.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
Die taxi se twee (band) is glad. (1)
- 3.11 Kies die korrekte AFKORTING tussen hakies.
Die taxi vervoer elke dag die (gr./grd./gra.) 12-leerders na die skool. (1)
- 3.12 Gee die korrekte OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.
Mama Taxi is die (goed) bestuurder in die dorp. (1)
- 3.13 Gee 'n SINONIEM (*woord met dieselfde betekenis*) vir die woord tussen hakies.
Die taxi het (byna) die vrou by die verkeerslig raakgery. (1)
- 3.14 Gee 'n ANTONIEM (*woord met die teenoorgestelde betekenis*) vir die woord tussen hakies.
Die passasiers was nie bang aan die (einde) van die reis nie. (1)
- 3.15 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.
(Genugtig/Foeitog), maar jy is 'n roekelose bestuurder! (1)
- 3.16 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.
Die bestuurder was (moeg) terwyl sy die taxi bestuur het. (1)
- 3.17 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.
Die bestuurder van die taxi hou (’n/die) stuurwiel styf vas. (1)
- 3.18 Kies die korrekte spelling van die WOORD tussen hakies.
Die bestuurder kyk nie eers of daar ander (karre/kare) aankom nie. (1)

3.19 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die bestuurder het (herken/erken) dat sy te vinnig gery het.

(1)

3.20 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die (man wat langs die taxibestuurder bly) kla baie oor die taxi wat so vinnig ry.

(1)
[20]

VRAAG 4: SINSTRUKTURE

TEKS E

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae. **Skryf elke keer die hele sin uit.**



[Uit: Oxford Life Orientation]

4.1 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Die leerlinge het gesukkel om die vraestel te beantwoord.

Begin só: Die leerlinge ...

(1)

4.2 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Die vraestel is moeilik. Die leerlinge het nie geleer nie. (want)

(1)

- 4.3 Voltooi die sin deur die korrekte INFINITIEF in te vul.
Die leerlinge weet nie hoe ... die Wiskunde ... doen nie. (1)
- 4.4 Kies die KORREKTE VRAAGWOORD uit die raampie en vul dit in sodat die onderstreepte deel van die sin, die antwoord is.
- | |
|-------------------------|
| Waarmee; Waar; Waarvoor |
|-------------------------|
- Die leerders skryf eksamen in die skoolsaal.
... skryf die leerders eksamen? (1)
- 4.5 Voltooi die INFINITIEF.
Die leerders behoort hard ... studeer. (1)
- 4.6 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Pieter sê: “Die vraestel is baie maklik.”
Begin só: Pieter sê ... (1)
- 4.7 Watter woord sal jy in die plek van die volgende vetgedrukte idioom gebruik?
Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.
Die leerlinge **was die duiwel in** omdat hulle nie van die toets geweet het nie.
A gelukkig
B bang
C teleurgesteld
D kwaad (1)
- 4.8 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.
Die leerders skryf (’n moeilike vraestel) (in die eksamenlokaal) (vandag).
Begin só: Die leerders skryf ... (1)
- 4.9 Skryf die sin oor en gebruik die regte woordorde.
Die horlosie tik baie hard terwyl die leerders eksamen skryf.
Begin só: Terwyl die leerders eksamen skryf, ... (1)
- 4.10 Watter spreekwoord pas die beste by die prentjie op bladsy 11?
Skryf net die vraagnommer en KORREKTE letter neer.
Gedurende die moeilike eksamen is al die leerlinge lus om weg te hardloop.
A kaatjie van die baan te wees
B iemand se siel uit te trek
C die hasepad te kies
D twee rye spore te loop (1)

- 4.11 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.
Die seuns het nie geslaag nie. Hulle het nie hard geleer nie (omdat) (1)
- 4.12 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Die leerders is moeg.
Begin só: Die leerders ... (1)
- 4.13 Vul die ontbrekende woorde in die LYDENDE VORM van die volgende sin in.
Die kinders het die vrae beantwoord.
Begin só: Die vrae ... deur die kinders beantwoord. (1)
- 4.14 Beantwoord die vraag in die ONTKENNENDE VORM.
Is die eksamenlokaal se vensters oop?
Begin só: Nee, die eksamenlokaal se vensters ... (2)
- 4.15 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Die dogter se liniaal lê op die tafel.
Begin só: Die dogter ... (2)
- 4.16 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Die onderwyser hou toesig.
Begin só: Die onderwyser ... (2)
- 4.17 Vul die ontbrekende woorde in die LYDENDE VORM van die volgende sin in.
Die onderwyser dui die tyd op die bord aan.
Begin só: Die tyd ... deur die onderwyser ... (2)
- 4.18 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Die leerder het die antwoord êrens in die skryfstuk gevind.
Begin só: Die leerder ... (2)
- 4.19 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Juffrou vra: "Het Sandra betyds klaar geskryf?"
Begin só: Juffrou vra ... (2)

[25]

VRAAG 5: REDIGERING**TEKS F**

Jou vriend het 'n artikel vir die plaaslike koerant geskryf. Hy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.

Stapper sterf op berg

- 1 Die polisie het die liggaam van 'n stapper op tafelberg gekry. Dit het gebeur
2 toe hulle na 'n groep stappers gaan soek het wat in die mooilikheid beland
3 het.
4 Kaptein André Truter van die SAPS sê dat die manne die liggaam
5 vroegoggend gevind het. Hulle het verder soek en 'n halfuur later is die ander
6 twee stappers gefind.
7 Die polisie het gehelp die twee stappers om in die koue en mistige weer by
8 die berg aftekom.
9 Albei hierdie stappers was amper dood van die koue. Hulle is in 'n ernstige
10 toestand op die hospitaal opgeneem.
11 Daar was twaalf mense in die groep wie gaan stap het. Nege van die groep
12 stappers het op hul eie onder gekom. Die drie stappers wat agter gestap het
13 het die groep in digte mis verloor en verdwaal.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 15 Oktober 2010]

- 5.1 Skryf die woord in reël 1 wat met 'n **hoofletter** moet begin, korrek neer. (1)
- 5.2 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 2. (1)
- 5.3 Gee die korrekte Afrikaanse **afkorting** van "Suid-Afrikaanse Polisediens" in reël 4. (1)
- 5.4 Gee die **regte vorm** van die onderstreepte woord in reël 5. (1)
- 5.5 Gee die **korrekte spelling** van die onderstreepte woord in reël 6. (1)
- 5.6 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 7 oor en verbeter die **woordorde**. (1)
- 5.7 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 8. (1)

- 5.8 Gee die **korrekte woord** vir die onderstreepte woord in reël 10. (1)
- 5.9 Verbeter die onderstreepte **betreklige voornaamwoordfout** in reël 11. (1)
- 5.10 Skryf die onderstreepte sin in reël 12 en 13 oor en vul die **leesteken** in wat uitgelaat is. (1)
[10]

VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

TEKS G

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.

- Kies die antwoord om by elke situasie te pas.
- Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer.

6.1




[Uit: Google Images]

Marie is **verbaas** omdat haar vriendin se man die skottelgoed was.
Kies die sin wat aandui hoe **verbaas** Marie is omdat hy die skottelgoed was.

- A “Dis mooi om ’n man te sien skottelgoed was.”
- B “My man sal nooit in die huis werk nie.”
- C “Kan dit waar wees dat ’n man skottelgoed was?”
- D “Kan ons nie eerder die skottelgoed was nie?” (1)

6.2



[Uit: Google Images]

Siphon en Karel het mekaar baie lank laas raakgeloop. Die twee vriende is baie **bly** om mekaar te sien.

Kies die sin wat Siphon sal gebruik om sy **blydschap** te wys.

- A "Wat doen jy deesdae, Karel?"
- B "Ai Karel, dis lekker om jou weer te sien!"
- C "Hallo, jy lyk altyd goed."
- D "Goeie dag, ken ek jou?"

(1)

6.3



[Uit: Google Images]

Die meisie in die middel van die prent hou nie van die nuwe meisie in die skool nie.

Kies die sin wat aandui hoe die meisie haar vriendin **manipuleer** om nie met die nuwe meisie te praat nie.

- A "Aai tog! Dis moeilik om in 'n nuwe skool aan te pas."
- B "Genugtig! Maar sy trek snaakse klere aan."
- C "Haar hare pas mooi by haar klere."
- D "Jy moenie met haar praat nie, sy pas nie by ons nie!"

(1)

6.4




[Uit: Google Images]

Die seun het die venster gebreek en die huiseienaar wil sy ma bel.
Kies die sin wat die seun kan gebruik om die man te **soebat** om nie sy ma te bel nie.

- A “Moet net nie my ma bel nie, asseblief Oom.”
- B “Los my arm, ek wil na my ma toe gaan.”
- C “Eina! Jy maak my seer, ek gaan my ma vertel.”
- D “Dit was nie ek nie, en ek sal nie die venster betaal nie.”

(1)

6.5



[Uit: Google Images]

Die man is **kwaad** vir die ander motorbestuurder wat voor hom ingery het en hy gebruik lelike taal.

Kies die sin wat aandui hoe **kwaad** die man vir die ander motorbestuurder is.

- A “Aitsa, maar jy ry vinnig voor my in!”
- B “Jou dom esel! Kyk waar jy ry!”
- C “Sjoe, hy het my seker nie gesien nie!”
- D “Siestog. Amper was daar ’n ongeluk.”

(1)

[5]

TOTAAL AFDELING C:

60

AFDELING D: LETTERKUNDE**KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer
OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**

Hierdie afdeling bestaan uit VIER VRAE.

Beantwoord EEN vraag uit *KINDERS VAN DIE AARDE*.

OF

Beantwoord EEN vraag uit *OM LAASTE TE KAN LAG*.

KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer**VRAAG 7: 'N MAN KOM TUIS – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Ek nooi hom saam en ons ry. Hy sit baie kordaat en regop langs my, 'n klein koffertjie op sy skoot, 'n week se baard op sy wange en 'n tamaai glimlag om die mond. Sy ander bagasie – 'n paar los pakkies en 'n halwe sakkie lemoene – lê agter op die sitplek.

- 7.1 Hoekom het die pad vir die verteller te lank begin word? (1)
- 7.2 Waarom was die verteller gewoonlik doodgelukkig om alleen te ry? (1)
- 7.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
Gouws het op ... gebly.
- A Skurweberg
B Wilgerspruit
C Wilgerboom
D Skurwevlei (1)
- 7.4 Watter hartseer gebeurtenis het in Gouws se eerste huwelik plaasgevind? (1)
- 7.5 Gouws het elke nag by sy huis geslaap.
- 7.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 7.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.5.1. (1)
- 7.6 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (7.6.1–7.6.4) en die woord neer.

onrus; naaste; wêreld; kinders; vrede; kamplewe

Gouws sien die (7.6.1) ... terwyl hy paaie bou. Hy sê jy dien jou (7.6.2) ... en maak dit maklik vir ander mense om bymekaar uit te kom. Gouws geniet die nomadiese (7.6.3) ... Saans as hy by die vuur sit, en vir die sterre kyk, het hy (7.6.4) ... in sy hart. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Die son was aan die sak toe ons die dorp nader waar hy moes afklim. Daar was nog grys reënbanke wes van ons, maar óm ons het die bulte klam gelê en stowe in die geel middag. My passasier het begin stiller raak.
Maar ek kon sien hy is opgewonde. Hy het kort-kort op sy horlosie gekyk en 'n paar keer oorgeleun na my kant toe om die snelheidsmeter onder oog te kry.
“Die kar loop lekker vinnig,” sê hy. “Ek gaan vroeg daar wees.”
Ek wou weet hoeveel kinders hy het.

- 7.7 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.7.1–7.7.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.7.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
7.7.1 Gouws	A was die jongste kind.
7.7.2 Die verteller	B was een van 'n tweeling.
7.7.3 Sienie	C was die slimkop.
7.7.4 Petrus	D wou die tuiskoms sien.
	E het vir alles 'n antwoord gehad.

(4 x 1) (4)

- 7.8 Hoekom wou die verteller Gouws by die huis gaan aflaaï? (1)

- 7.9 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Gouws wou huis toe stap, want as hy by die straat afstap, sou ...

- A die kinders op die stoep sit.
B die tweeling vir hom skree.
C sy vrou in die kombuis besig wees.
D die hond hom eerste gewaar en blaf. (1)

- 7.10 Watter goeie ding het die verteller gedoen toe hy Gouws langs die pad gesien het? (1)

- 7.11 7.11.1 Watter deel van die verhaal, nadat die verteller vir Gouws by die huis afgelaai het, sal jy lank onthou? (1)

- 7.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.11.1. (1)

- 7.12 Watter les kan jy by Gouws leer? (1)

[20]

OF

KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer**VRAAG 8: ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Nou ja, kyk, vóór so 'n wedstryd gaan eet die manne mos darem eers ietsie en dié wat saam gekom het om vir hulle span te skree, gaan tel bietjie moed op of spoel die week se stowwerigheid af met 'n biertjie of twee. So was dit toe ook daardie Saterdag, maar daardie Saterdag was daar neukery, want Rooikoos Willemse het die oggend ...

8.1 Watter belangrike gebeurtenis het daardie Saterdag in Rooikoos se dorp plaasgevind? (1)

8.2 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Rooikoos was “donker sterk” beteken, hy was baie ...

- A groot.
- B donker.
- C sterk.
- D dronk.

(1)

8.3 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.3.1–8.3.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.3.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
8.3.1 Rooikoos	A was 'n snaakse man.
8.3.2 Die verteller	B het in kamer 11 gaan kyk.
8.3.3 Jan	C het gevloek.
8.3.4 Die hoteleienaar	D was altyd nugter.
	E was nuuskierig.

(4 x 1) (4)

8.4 Hoe laat het Rooikoos daardie Saterdag begin drink? (1)

8.5 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (8.5.1–8.5.4) en die woord neer.

spannetjie; Rooikoos; losskakeltjie; Barrydalers; Izak; mannetjie

Die (8.5.1) ... was goeie, liewe mense, en baie vrolik en hulle dorp het daardie jaar ook sommer 'n lekker (8.5.2) ... gehad. Dit was 'n groot fout dat (8.5.3) ... daardie middag na die veld toe gegaan het. Hy het so hard geskree dat die (8.5.4) ... die strafskop misgeskop het en Rooikoos se dorp het gelykop gespeel teen die Barrydalers.

(4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Toe blaas die eindfluitjie.

Nou ja, soos jy kan begryp, daardie aand was daar nie 'n beter man in my dorp se kroeg as Rooikoos Willemse nie. En daar was nie 'n man wat meer drankies gekry het ook nie. Want hy't mos nou my dorp gehelp dat ons nie verloor teen daardie bulspannetjie van Barrydale nie.

Maar – dit het ek al gesê – Rooikoos het sy maat nie meer geken nie. Hulle sê hy't nog so gesit daar onder die almanak, toe slaan hy reg agteroor, bo van die stoeltjie af, so uit soos 'n kers, so dronk soos 'n vark wat parsdoppe gevreet het.

8.6 Hoe het die Barrydalers daardie Saterdagmiddag gespeel? (1)

8.7 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Wat het die jongmense met Rooikoos gedoen nadat hulle hom Barrydale toe geneem het?

- A Hulle het sy hare rooi gekleur.
- B Hulle het sy baard afgeskeer.
- C Hulle het sy baard swart gekleur.
- D Hulle het al sy klere gevat. (1)

8.8 Die Barrydalers het Rooikoos **in die veld** gelos.

8.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.8.1 met 'n feit uit die kortverhaal. (1)

8.9 Waarom het Rooikoos die hotel op sy dorp gebel? (1)

8.10 Waarvoor was Rooikoos bang terwyl hy vir Jan gewag het? (1)

8.11 8.11.1 Watter deel van die storie, nadat Rooikoos in Barrydale se hotel wakker geword het, sal jy lank onthou? (1)

8.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.11.1. (1)

8.12 Watter les kan jy by Rooikoos leer? (1)

[20]

OF

OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**VRAAG 9: TANT NELIE SE VEERPLUIME – Henriëtte Grové**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Tant Nelie en Ursa het in somer so 'n huisie naby ons gewoon. Kittie-hulle het in die deftige ou Maré-opstal ingetrek. Hulle het dit nie van tant Nelie gekoop nie; dit was dié tyd lankal nie meer in die Marés se hande nie. Maar ek dink tog tant Nelie het hulle, Kittie-hulle, dit vreeslik kwalik geneem.

9.1 Hoekom het Peet op Kittie verlief geraak? (1)

9.2 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Waarom het Kittie uitgeblink?

A Sy kon goed perdry.

B Sy kon goed bak.

C Sy kon goed skryf.

D Sy kon goed somme doen. (1)

9.3 Tant Nelie het **elke dag** veerpluime gebak.

9.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

9.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.3.1 met 'n rede uit die kortverhaal. (1)

9.4 Kies elke keer die woorde uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (9.4.1–9.4.4) en die letter (A–E) neer, bv. 9.4.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
9.4.1 Peet	A “Dis kinderagtig ... 'n grootmens gaan nie so aan nie.”
9.4.2 Ursula	B “En nou kan jy net na die Paasnaweek ons name by Meneer gaan opgee.”
9.4.3 Tant Nelie	C “... of dink jy dit sal nooit gebeur nie?”
9.4.4 Kittie	D “Ek sal my naam gaan ingee, maar nie saam met jou nie.”
	E “Dis nie te koop nie; jy weet dit net so goed soos ek.”

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Die volgende dag was ek weer by Ursa en ons het afgespreek dat ek die aand sou kom. Dit was die aand van die byeenkoms van die Susters, en tant Nelie sou nie by die huis wees nie.

Dit was 'n hele affêre, die plan wat ek en Ursula gemaak het. Sy kon haar nie siek hou nie; dan sou tant Nelie nie weggaan nie. En hoe om weg te kom van die vergadering ... Ek weet nie presies hoe sy dit reggekry het nie, maar so teen halfnege het ek haar op die hoek van die pastoriestraat gekry. Sy het 'n swart serp om haar kop gehang, en ons het in die smal donker laantjie ingeglip.

9.5 Wat het Kittie vir Peet belowe as hy die resepteboek vir haar kon bring? (1)

9.6 Hoekom het Ursula besluit om Peet te help om die resep te steel? (1)

9.7 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Tant Nelie het die resep vir Ursula gebêre as 'n ...

- A verjaarsdagpresent.
- B troupresent.
- C Kerspresent.
- D verlowingspresent. (1)

9.8 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (9.8.1–9.8.4) en die woord neer.

kerk; kis; slaapkamer; deur; sluier; veerpluime

Ursula en Peet wou na tant Nelie se resepteboek gaan soek. Hulle het gewag totdat tant Nelie by die (9.8.1) ... se byeenkoms was. Ursula het gedink dat tant Nelie die resepteboek in die groot (9.8.2) ... weggesteek het. Voordat Peet nog kon kop uittrek, het Ursula na die (9.8.3) ... toe gestap. Hulle was nog besig om die linne uit te pak toe tant Nelie skielik in die (9.8.4) ... gestaan het. (4)

9.9 Hoekom het Peet toe nie later met Kittie getrou nie? (1)

9.10 Was Kittie werklik verlief op Peet? Sê Ja/Nee en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

9.11 9.11.1 Van watter karakter in die storie het jy die minste gehou? (1)

9.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.11.1. (1)

9.12 Watter les kan jy uit Peet en Ursula se verhouding leer? (1)

[20]

OF

OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**VRAAG 10: OM LAASTE TE KAN LAG – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Jy doen 'n ding só en nooit anders nie. Reg is reg en verkeerd bly nou eenmaal verkeerd. Jy doen jou werk, trou, sorg vir jou gesin, word diaken of ouderling, gaan kuier Sondagmiddag, bepaal jou by jou sake.
Jy is so gemaak en so laat staan en so hoort dit ook. Die lewe is doodmaklik.
Net oom Apie was anders.

10.1 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Kies EEN kenmerk van Oom Apie se mense. Oom Apie se mense ...

- A was onbetroubaar.
- B het te veel gedrink.
- C was aardse mense.
- D was oneerlik.

(1)

10.2 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (10.2.1 – 10.2.4) en die woord neer.

klere; vriende; geld; familie; kasterolie; rivierklippies

Oom Apie was anders as die res van sy (10.2.1) ... Hy het nooit getrou nie en selde gewerk. Hy het baie (10.2.2) ... gehad en was ook nie lui nie. Oom Apie was nooit siek nie, want hy het baie gestap en sy maag gereeld skoon gehou met (10.2.3) ... Niemand het geweet waar oom Apie sy (10.2.4) ... kry nie.

(4)

10.3 Watter los werkies het oom Apie gedoen as hy by ander mense gekuier het? (1)

10.4 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.4.1–10.4.4) en die letter (A–E) neer, bv. 10.4.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
10.4.1 Oom Apie	A het baie geld gehad.
10.4.2 Oom Apie se jeugliefde se man	B was bereid om weer te trou.
10.4.3 Oom Apie se jeugliefde	C was by almal welkom.
10.4.4 Oom Apie se familie	D het nie van mense gehou nie.
	E het gevoel: reg was reg en verkeerd bly verkeerd.

(4 x 1)

(4)

- 10.5 Die kinders het van oom Apie gehou.
- 10.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 10.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.5.1 met 'n rede uit die kortverhaal. (1)
- 10.6 Hoekom wou oom Apie nie geld gehad nie? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Hy was die hele dag by ons en heeldag was hy en Pa en Ma druk in gesprek. Iets het gehaper, maar ek kon nie mooi vasstel wat nie. Daar was kort-kort 'n gelag in die voorkamer, soos altyd as oom Apie by was, maar dit het my nie om die bos gelei nie. Ek sou eers jare later die storie hoor. En ook nie die volle storie nie. Daar was 'n jeugliefde, ja. Maar die ding het nie mooi uitgewerk nie.

- 10.7 Watter geheim was daar tussen oom Apie en sy jeugliefde? (1)
- 10.8 Noem EEN ding wat oom Apie se jeugliefde vir hom gedoen het. (1)
- 10.9 Oom Apie se jeugliefde het gevoel haar plig lê by haar man. Hoe het sy oor oom Apie gevoel? (1)
- 10.10 10.10.1 Watter deel van die storie het jou laat lag? (1)
- 10.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.10.1. (1)
- 10.11 Kies die KORREKTE antwoord.
- Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Oor watter eienskap van 'n mens handel hierdie kortverhaal?
- A Elke mens verdien sy eie geld.
B Elke mens is uniek.
C Elke mens lyk anders as ander mense.
D Elke mens het 'n geheim. (1)
- 10.12 Hoe het oom Apie uit die moeilikheid met sy jeugliefde gekom? (1)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 120